Nuusbrief 182

10 Desember 2012

Beste Lede,

Seënwense aan al ons lede en hulle gesinne vir die feestyd wat voorlê en voorspoed vir 2013

SAWPA wil graag al ons lede bedank vir hulle ondersteuning die afgelope jaar. Die SAWPA kantoor sal amptelik op die 14de Desember sluit en op die 7de Januarie 2103 open.

NRCS HEFFINGSKONSULTASIE VAN 7 DESEMBER 2012

Alhoewel die opkoms van die bedryf by NRCS heffingskonsultasie laag was, het die belanghebbendes teenwoordig saamgestem dat die heffingsverhogingsvoorstel van 6.5% vir die 2013/14 finansiële jaar onbillik en onregverdigbaar is aangesien, a) die finansiële data om dit te motiveer nie bestaan nie, en b) die goedkeuringsproses, die aanstel van ‘n geskikte inspekteur en die fisiese implementering van die regulerende funksie nog geen vordering toon nie. SAWPA het versoek dat daar ‘n moratorium op die beoogde verhoging geplaas word wat sal geld totdat die bogenoemde tekortkominge voldoende aangespreek is. Die versoek is deur die ander belanghebbendes ondersteun en die NRCS verteenwoordigers het ingestem dat die versoek billik en regverdig is en dit aan die uitvoerende bestuur en raad van die NRCS voorgelê sal word vir oorweging.

REFLEKSIE OP 2012 PROMOSIE AKTIVITEITE

Gedurende die afgelope jaar was SAWPA by verskeie promosie aktiwiteite betrokke:

Januarie: Ontwerp en produseer ‘n nuwe inligtingsbrosjure getiteld “CCA Preservative Treated Wood – Safety Precautions and Warning for Use, Handling and Disposal”; bekom die gebruik van die alternatiewe webtuiste-naam: www.sawpa.co.za

Februarie: Produseer ‘n driedimensionele animasie van ‘n houtverduursamingsaanleg en proses wat gebruik word in aanbiedinge en op ons webtuiste besigtig kan word.

Maart: Stal uit by WoodEX for Africa en doen ook ‘n aanbieding by die WoodEX konferensie wat handel oor “Understanding Wood Preservation”; Laat maak SAWPA pette wat dan ook by WoodEx uitgedeel was en aan ons lede versprei is; Herdruk “How to build a Jungle Gym” blaadjies vir algemene verspreiding.

April: Die aansoek vir ons handelsmerkregistrasie word ingedien (Assosiasie naam, afkorting en “tree logo”); Vertaal die “Houtbehandeling en die Wet” brosjure in Zulu, Xhosa, Suid-Sotho en Venda sodat ons ook die landelike gebiede kan inlig waar daar steeds “twilight treaters” aktief is.

Mei: Woon die IRGWP 43 Konferensie in Maleisië by.

Junie: Hou streeksvergaderings; Vertaal die “Houtbehandeling en die Wet” brosjure in Noord-Sotho; Plaas ‘n vier bladsy artikel oor “Understanding Wood Preservation” in die the TimberIQ Tydskrif.

Julie: Woon ‘n Paal-Seminaar in Zimbabwe by waar ons ‘n voorlegging oor “Introduction to Timber Preservation” sowel as “The Importance of Quality in the Treatment of Timber” aanbied; Gee ‘n klas aan die siviele tegnologie studente by Tshwane University of Technology oor Houtverduursaming en verduursaamde hout.

Augustus: Plaas ons tekenprentjie plakkaat “Let Treated Timber Improve your Quality of Life” in A4 grote in die TimberIQ tydskrif; Doen ‘n voorlegging oor houtverduursaming by ‘n houtwerks-winkel gehou by die KZN Meesterbouerskantore in Durban.

September: Doen voorlegging oor die korrekte behandeling en toepassing van behandelde hout by ‘n ITC/SAWPA seminaar in Gaborone, Botswana.

Oktober: Bespreek uitstalplek by die WoodEx for Africa 2013; Versprei 1800 van ons 2013 kalenders aan al ons lede en ons poslys, wat argitekte, landskapontwikkelaars, koöperasies, ens insluit; Ontwerp en druk die “straatkok” brosjure wat waarsku teen die gebruik van gebruikte houtafval en oorskot vir verhittings- en kookdoeleindes. Die brosjures is in Afrikaans, Engels sowel die plaaslike streektaal, vertaal waar dit versprei gaan word. Ons hoop dat die verspreiding vroeg in die nuwe jaar sal gebeur; Plaas die aanwysings om jou eie speelraam “Monkeying Around” te bou in die Timber IQ tydskrif.

November: Doen ‘n voorlegging oor houtverduursaming en die korrekte toepassing van verduursaamde hout aan die Gauteng tak van SALI (SA Landscaping Institute); Plaas ‘n twee bladsy advertensie in die “To Build” tydskrif wat ons “What you need to know when buying and using Preservative Treated Timber” plakkaat uitbeeld. Die tydskrif word nasionaal versprei aan 8000 argitekte, ontwerpers, munisipaliteite, landskapargitekte, konsulterende en siviele ingenieurs en boukontrakteurs. SAWPA het ook nou ‘n skakel op die TO BUILD webtuiste.

Desember: Plaas ‘n advertensie op die lessenaarkalender van TimberIQ en SA Roofing tydskrifte sowel as ‘n dubbelblad-advertensie in die TimberIQ tydskrif wat die “What you need to know when buying and using Preservative Treated Timber” plakkaat uitbeeld.

Nuusbrokkies

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Oktober and November was onderskeidelik 59 846 en 52 452.
- Nuwe lede – Ons wil graag vir AH Marais Saagmeule en Chikarma Treated Timbers (voorheen Mkhuhlu) welkom heet as nuwe lede. Beide is bestaande aanlegte wat onlangs aansoek gedoen het om SAWPA lidmaatskap. Ons het ook ‘n aansoek ontvang vanaf Rooikoppies Pale wat tans in die proses van goedkeuring en sertifisering is.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.